

28 Februarie

Markus 12:41-44

'n Sinvolle lewe

Hoe anders kyk Christus nie na mense nie. So anders as ons. Ons kyk na dit wat iemand gee in terme van tyd of geld of kragte. Christus kyk na wat jy terughou. As Christus moes kyk na wat hierdie arm weduwee gegee het, sou Hy seker nie eers van haar bydrae melding gemaak het nie. Want dit wat sy gegee het, was baie min. Maar Hy het gekyk na dit wat sy terughou. Daarom noem Hy haar offer groot, want sy het letterlik niks teruggehou nie "sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

Hoe sinvol maak hierdie lewensreël van Christus die lewe van elke mens. Want nou maak dit nie meer saak of jy arm of ryk, sieklik of gesond, oud of jonk is nie. Dit maak nie meer saak of jy in eensaamheid of afsondering lewe of omring is deur mense nie. Dit hoef jou nooit nutteloos of waardeloos te laat voel nie. Want God vra nie vandag van jou: Wat gaan jy gee in terme van tyd en kragte en geld in sy koninkryk nie, maar Hy vra wél aan jou: Wat gaan jy vandag terughou. hoeveel reserwes gaan jy opbou?

As jy dus aan die einde van, hierdie dag kan sê: Ek het niks teruggehou nie, ek het alles gegee waaroor ek beskik, dan was dit in die oë van Christus 'n sinvolle en vrugbare dag in jou lewe.

Sing: Psalm 138:1

Dr. A.N. Helberg (Colesberg)